



Die eis van die wet – 1

Skrif- en Fokusgedeelte:

Markus 12:28-34;

HK Sondag 2, Vraag 4

As die Heilige Gees ons oë geopen het, sien ons die wet van God in sy diepte en ware betekenis. Dan sien ons die eis van die wet as liefde – liefde wat baie meer inhou en dieper sny as die uiterlike nakoming van sekere wette en reëls.

Christus sê dat die mens God moet liefhê met sy hele hart, hele siel, hele verstand en al sy kragte. In Matteus 22:37 word die liefde tot God met al jou kragte nie genoem nie, maar in Markus 12:30 en Lukas 10:27 wel. Met dié vier woorde word die mens se hele lewe omvat:

die hart – want dit is die kern van jou persoonlikheid wat jou hele lewensgang bepaal (Spr. 4:23);

die siel – met volle lus en begeerte en met innige lewensblydskap;

die verstand – met al sy gedagtes, talente, gawes, beplanning en wetenskap;

die kragte – al die mens se vermoëns en handeling.

Jou naaste moet jy liefhê soos jouself (vgl. 8 Januarie).

Hierdie liefde tot God met jou hele wese beteken dat ons God meer moet liefhê as vader of moeder, seun of dogter, man of vrou (Matt. 10:37; Luk. 14:2). Daar mag niks en niemand tussen God en ons wees nie.

Hierdie liefdesgebod van Christus is radikaal anders as die Joodse leiers van destyds se siening van die wet. Hulle het die wet van die Here met akrobatese vernuf in 613 negatiewe en positiewe bepalings versplinter. Met som-mige bepalings het hulle tot die peil van die belaglike gedaal. Boonop het hulle hierdie bepalings in 'n orde van belangrikheid ingedeel: sommige was swaar, ander was lig; sommige was bindend, ander was minder bindend. In hulle voorskrifte het die nadruk ook veral op die uiterlike geval. Dit is wat gebeur as 'n mens godsdienst sonder die Heilige Gees wil beoefen.

Daarteenoor sê Christus dat daar in werklikheid *net een wet* is en dit is *liefde* tot God en tot die naaste. Op dié wyse toon Christus dat die groot saak in die mens se verhouding tot God nie bloot uiterlike dade is nie, maar die regte gesindheid. Hierdie regte gesindheid kan 'n mens alleen hê as Christus deur sy Gees in ons woon en werk.



Publikasie
Publication



Nr./No.: E33